**6 November** **Skrifgedeelte: Johannes 17:1-25**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 27**

## Die eenheid van die kerk

In sy roerende hoëpriesterlike gebed bid Jesus drie keer (vers 11, 21, 22) om eenheid vir sy kerk. Eenheid is Jesus se WENS vir die kerk. Jesus het nie net vir hierdie eenheid gebid nie, Hy het ook gesterf om dit moontlik te maak. Daarom is die eenheid van die kerk in 'n sekere sin ook die VOORWAARDE vir kerkwees. Jesus vra die Vader om die kerk te bewaar "SODAT hulle een kan wees" (vers 11).

Die kerk se eenheid is egter 'n spesiale soort eenheid. Jesus noem die heilige Drie-eenheid as GROND vir die eenheid. Hy sê, "sodat hulle een kan wees net soos Ons een is" (vers 11, 22). Soos die Drie-eenheid dus verskillende Persone is, maar tog net een Wese, so is daar verskillende kerke wat tog net een kerk is. Hierdie eenheid van die kerk is dus terselfdertyd ook die MISTERIE en die HEERLIKHEID van die kerk; 'n Goddelike misterie en heerlikheid (vers 22).

In die eenheid van die kerk lê ook sy TAAK en GETUIENIS. Wanneer die wêreld die eenheid van die kerk sien sal hulle die boodskap van die kerk dat Jesus deur die Vader gestuur is, kan glo (vers 21). Dit sal die wêreld oortuig dat die kerk God se liefde ontvang het en uitdeel (vers 23).

Dis tyd dat gelowiges weer baie diep moet nadink oor die eenheid van die kerk. Wanneer ons met mekaar te doen het moet Jesus se gebed ons gedagtes, woorde en optrede bestuur. Ons weet wat ons Here se wens vir ons is. Laat eenheid ons ERNS wees.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*